Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 43**

# INVENTARIS VAN DIE PIK BOTHA (MIN R.F. BOTHA)-VERSAMELING

Saamgestel deur: Petra Luus

Mei 2021

Pretoria

## Voorwoord

Roelof Frederik (Pik) Botha was op 27 April 1932 in Rustenburg gebore. Hy het hom in 1953 by die Departement van Buitelandse Sake aangesluit en het in Swede, Wes-Duitsland en in Den Haag diens gedoen. Tussen 1970 en 1974 was hy as LP van die Nasionale Party vir Wonderboom verkies. In 1974 word hy Suid-Afrika se permanente verteenwoordiger by die Verenigde Nasies, en 'n jaar later is hy aangestel as Suid-Afrika se verteenwoordiger in die VSA.

Op 1 April 1977 word hy Minister van Buitelandse Sake en het hy die taak gehad om Suid-Afrika se apartheidsbeleid by internasionale forums te verdedig. Hy het dié rol gevul tot en met die demokratiese verkiesing in 1994. Met 'n dienstyd van 17 jaar was hy een van die wêreld se langsdienende ministers van Buitelandse Sake. Hy was ook betrokke by die onderhandelings wat uiteindelik tot die onafhanklikheidswording van Namibië in 1990 gelei het. Min. Botha het later as Minister van Mineraal- en Energiesake (1994–1996) in die regering van nasionale eenheid onder Nelson Mandela gedien totdat die Nasionale Party hom van die regering onttrek het. Botha sluit in 2000 by die African National Congress aan.

Pik Botha is in 1953 met Helena Bosman getroud. Uit die huwelik is vier kinders gebore, nl. Roelof, Piet, Anna, en Lien. Helena is in 1996 oorlede en trou hy in 1998 met Ina Joubert. Pik Botha is op 12 Oktober 2018 op die ouderdom van 86 in Pretoria oorlede.

Hierdie argiefversameling is in Julie 2019 deur min. Botha se weduwee, Ina Joubert, aan die Erfenisstigting-argief geskenk. Dit bestaan uit vier gedeeltes.

Afdeling A is min. Botha se persoonlike versameling wat klaar in ‘n nommersisteem in lêers geplaas was. Dit is net so behou en gelys in die inventaris. Dit bevat ‘n bietjie persoonlike dokumente van sy familie, huis, motors ens. Die grootste gedeelte daarvan handel oor die werk wat hy as LP in die Wonderboom-omgewing gedoen het. Dit bestaan uit klagtes, versoeke en algemene korrespondensie wat hy van die publiek ontvang het.

Afdeling B handel oor min. Botha se loopbaan in die Staatsdiens, soos sy posprofiel, salaris, evaluering ens.

Afdeling C is allerlei dokumente wat saam met die skenking gekom het en nie in die ander twee afdelings pas nie. Dit bestaan onder andere uit persoonlike dokumente vanaf sy familie en vriende, dokumente oor die Nasionale Party, en koerantartikels.

In Afdeling 4 is die toekennings wat hy ontvang het en sluit in medaljes, plaatjies en trofees.

Die dokumente is in ‘n goeie toestand en daar is altesaam 13 volumes.

Inhoudsopgawe


| Inhoudsopgawe | Bl. |
| --- | --- |
| Afdeling A: Persoonlike argief | 1 |
| Afdeling B: Loopbaan in die Staatsdiens | 16 |
| Afdeling C: Allerlei | 16 |
| Afdeling D: Toekennings | 17 |